



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2013

Hierdie riglyne bestaan uit 12 bladsye en 1 bylae.

INHOUDSOPGAWE

- 1. INLEIDING**
- 2. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT) VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**
 - 2.1 Gewigswaarde van punte vir die PAT**
- 3. KOMPONENTE VAN DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT) VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**
 - 3.1 Bestuursoorsig**
 - 3.2 Praktiese Aktiwiteite (Take)**
 - 3.3 Bestuurstoets**
 - 3.4 Tydregister**
- 4. PORTEFEULJE VAN BEWYSE**

1. INLEIDING

Die PAT gee die onderwyser die geleentheid om toegepaste vaardighede direk en sistematies waar te neem. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoer van die kennis, vaardighede en waardes eiesoortig aan die vak en tel 25% (100 punte) van die totale promosiepunt uit 400 vir die vak.

Die PAT word gedurende die relevante kwartale van die skooljaar geïmplementeer en moet onderneem word as een uitgebreide opdrag wat opgebreek word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite.

2. PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

- Die doel van die Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir Landboubestuurpraktike is die assessering van bestuursvaardighede, entrepreneursvaardighede, navorsingsvaardighede, bemakingsvaardighede, bedryfsvaardighede en tegniese vaardighede van leerders in die produksierigtings waaraan hulle blootgestel is.
- In graad 10–12 moet ten minste DRIE produksierigtings wat uit ten minste EEN diereproduksierigting of ten minste EEN plantproduksierigting bestaan, gebruik word.
- Die konteks waarbinne die vak aangebied word is onderhewig aan die wye verskeidenheid produksiestelsels, produksierigtings, bestuursbenaderings en ekologiese verskille in die verskillende streke in die land. Die PAT moet voorsiening maak vir hierdie wye verskeidenheid moontlike benaderinge en toepassings.
- Hierdie PAT-riglyne gee kriteria om te help met die standaardisering van hierdie wye verskeidenheid moontlikhede wat in Landboubestuurpraktike voorkom.
- Die PAT moet vordering in kompleksiteit, inhoud en konteks van graad 10 tot 12 toon.
- Die PAT-aktiwiteite moet verband hou met die inhoud van die betrokke graad.
- Die Praktiese Assesseringstake vir graad 10 en 11 word intern opgestel, nagesien/geassesseer en gemodereer. Die Praktiese Assesseringstaak vir graad 12 word intern opgestel en nagesien/geassesseer en ekstern gemodereer.
- Die komponente van die PAT word onder gekontroleerde omstandighede voltooi en bewyse van elke aktiwiteit of opdrag word in 'n leerderlêer vir elke leerder ingesluit.
- Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) vir graad 10–12 bestaan uit die volgende komponente:
 - 'n Bestuursoorsig gebaseer op die jaarlikse produksieplanne van die bestuur van die betrokke ondernemings
 - Praktiese take wat omvattend geassesseer word
 - 'n Bestuurstoets wat uit toepassingsvrae bestaan, soos gevallestudies en scenario's gebaseer op die aktiwiteite in die bogenoemde bestuursplanne vir produksie
 - 'n Rekordstaat van die tyd wat die leerder in 'n praktiese situasie of produksierigting gespandeer het

2.1 Gewigswaarde van punte vir die PAT

Opsomming van die getal take/aktiwiteite vereis vir die PAT (Graad 10–12)

PAT-KOMPONENT	GETAL AKTIWITEITE			GEWIGS- WAARDE	FOKUS
	Graad 10	Graad 11	Graad 12		
Bestuursoorsig	1	1	1	20%	Beplanning
Praktiese aktiwiteite	3	3	2	50%	Bedryfs- vaardighede
Bestuurstoets	1	1	1	25%	Toepassing
Tydregister	Rekordstaat van leerders			5%	Ervaring

Oorsig van die PAT: Dierreproduksie

BESTUURSOORSIG		PRAKTIESE AKTIWITEITE			BESTUURS-TOETS	TYD-REGISTER
Produksiebeplanning		Bedryfsvaardighede (Prakties en bestuurs)			Toepassing	Ervaring
Progressie in kompleksiteit, inhoud en konteks						
20%		50%			25%	5%
Graad 10–12		Graad 10	Graad 11	Graad 12	Graad 10–12	
<ul style="list-style-type: none"> Doelstelling <ul style="list-style-type: none"> Wat jy met die onderneming wil bereik 	<ul style="list-style-type: none"> Deel van die bestuursplan 	<ul style="list-style-type: none"> Basiese beginsels en volledige agtergrond van ondernemings 	<ul style="list-style-type: none"> Produksie-gedrewe 	<ul style="list-style-type: none"> Finansies, bemarking, produkverwerking 		Tyd spandeer in/op produksierigting (Register deur leerders en toesighouer by afdeling geteken)
<ul style="list-style-type: none"> Beplanning (Produksieprogram) <ul style="list-style-type: none"> Bestuursprogram van die afdeling 	<ul style="list-style-type: none"> Menslike hulpbronne Bemarking Spening Voer/weiding, voervloei, ens. 	<ul style="list-style-type: none"> Tipes weiding Ras-evaluerings ens. 	<ul style="list-style-type: none"> Volledige bestuursprogram Weidingsaspekte 	<ul style="list-style-type: none"> Groepleiervaardighede Bemarkingsplan Voervloeioprogram Daaglikse bestuur 		
<ul style="list-style-type: none"> Organisering/Implementering/Uitvoering 	(Prakties implementeerbaar) <ul style="list-style-type: none"> Inenting Kastrasie Seleksie Identifikasie (gesondheid) Rekordhouding 	<ul style="list-style-type: none"> Basiese bestuur <ul style="list-style-type: none"> Onthoring 	<ul style="list-style-type: none"> Gesondheidsbestuur <ul style="list-style-type: none"> (Dosering, inenting, ens.) Toestand van weidings Uitvoering van beplanningsaksies 	<ul style="list-style-type: none"> Produk <ul style="list-style-type: none"> Klassifikasie/Gradering Prosessering (waardetoevoeging) Verpakking Bemarking 		
<ul style="list-style-type: none"> Kontrole en vergelyking <ul style="list-style-type: none"> Uitdagings en suksesse 	(Prakties implementeerbaar) <ul style="list-style-type: none"> Ontleed inligting Bepaling van toestand van weiding 	<ul style="list-style-type: none"> Daaglikse roetine Inspeksie 	<ul style="list-style-type: none"> Wisselweiding Voedingsproef 	<ul style="list-style-type: none"> Ontleed beplanningsproses 		

Oorsig van die PAT: Plantproduksie

BESTUURSOORSIG		PRAKTIESE AKTIWITEITE			BESTUURS-TOETS	TYD-REGISTER
Produksiebeplanning		Bedryfsvaardighede (Prakties en bestuurs)			Toepassing	Ervaring
Progressie in kompleksiteit, inhoud en konteks						
20%		50%			25%	5%
Graad 10–12		Graad 10	Graad 11	Graad 12	Graad 10–12	
<ul style="list-style-type: none"> Doelstelling <ul style="list-style-type: none"> Wat jy met die onderneming wil bereik 	<ul style="list-style-type: none"> Deel van die bestuursplan 	<ul style="list-style-type: none"> Basiese beginsels en volledige agtergrond van ondernemings 	<ul style="list-style-type: none"> Produksie-gedrewe 	<ul style="list-style-type: none"> Finansies, bemarking, produkverwerking 		Tyd gespandeer in/op produksierigting (Register deur leerders en toesighouer by afdeling geteken)
<ul style="list-style-type: none"> Beplanning (Produksieprogram) <ul style="list-style-type: none"> Bestuursprogram van die afdeling 	(Prakties implementeerbaar) <ul style="list-style-type: none"> Menslike hulpbronne Bemarking Verskillende implemente Grondvoorbereiding Saad Kunsmis Plaagdoder/onkruidodders ens. Besproeiing 	<ul style="list-style-type: none"> Bewerkingsmetodes Gedrag van verskillende grondtipes Saadevaluering Verskillende tipes gifstowwe en die gebruik daarvan Besproeiingstelsels 	<ul style="list-style-type: none"> Volledige bestuursprogram Grondeienskappe vir spesifieke gewas Tipe en hoeveelheid saad benodig Gewasbeskerming Opbrengsverbeteringspraktyke 	<ul style="list-style-type: none"> Groepleiervaardighede Bemarkingsplan Bemestingsprogram Besproeiingskedulering Daaglikse bestuur Grondbestuur 		

Oorsig van die PAT: Plantproduksie (vervolg)

BESTUURSOORSIG	PRAKTIESE AKTIWITEITE			BESTUURSTOETS	TYD REGISTER
Produksiebeplanning	Bedryfsvaardighede (Prakties en bestuurs)			Toepassing	Ervaring
Progressie in kompleksiteit, inhoud en konteks					
20%	50%			25%	5%
Graad 10–12	Graad 10	Graad 11	Graad 12	Graad 10–12	
<ul style="list-style-type: none"> • Organiserings/Implementering/Uitvoering 	(Prakties implementeerbaar) <ul style="list-style-type: none"> • Grondmonster • Seleksie • Identifikasie – plaesiektes en onkruid • Rekordhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Basiese bestuur <ul style="list-style-type: none"> ○ Grondmonster ○ Saadontkiemings-toets 	<ul style="list-style-type: none"> • Kalibrasie prakties • Gebruik grondmonsterontleding vir toediening van bemesting • Bespuiting • Besproeiing • Snoei • Identifisering van plaesiektes en onkruid • Samestelling van gronde • Gronddata • Uitvoering van beplanningsaksies 	<ul style="list-style-type: none"> • Kalibrasieberekening • Produk: <ul style="list-style-type: none"> ○ Insameling ○ Klassifisering ○ Gradering ○ Prosessering (waardetoevoeging) ○ Verpakking ○ Bemarking 	Tyd gespanneer in/op produksierigting (Register deur leerders en toesighouer by afdeling geteken)
<ul style="list-style-type: none"> • Kontrole en vergelyking <ul style="list-style-type: none"> ○ Uitdagings en suksesse 	(Prakties implementeerbaar) <ul style="list-style-type: none"> • Plaasevaluering • Plantdigtheid 	<ul style="list-style-type: none"> • Daaglikse roetine-inspeksies 	<ul style="list-style-type: none"> • Wisselbou • Besproeiingsvergelings • Kunsmisproef • Plantdigtheidsproef 	<ul style="list-style-type: none"> • Opbrengsbepaling • Ontleed die beplanningsproses 	

Die Praktiese Assesseringstaak (PAT) tel 25% van die totale promosiepunte en behoort die vorm aan te neem van die ontwikkeling en toepassing van landboubestuurvaardighede en die punttoekenning moet 100 punte wees. Die Praktiese Assesseringstaak fokus dus op die bestuurvaardighede sowel as die ontwikkeling en toepassing van vaardighede in die produksieproses in 'n produksieverwante konteks.

Finale punt

Die finale punt van die PAT word soos volg bereken:

Bestuursaspekte (Affektiewe domein)	50
Praktiese Aktiwiteite (Psigomotoriese domein en kognitiewe domein)	50
TOTAAL	100

3. DIE KOMPONENTE VAN DIE PAT VIR LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

3.1 Bestuursoorsig

'n Produksieplan wat die belangrikste praktike in 'n produksierigting insluit, word in kalenderformaat of as 'n maandelikse verslag aangebied. Dit verskaf 'n oorsigtelike indruk van produksieprosesse soos dit oor 'n tydperk van 'n jaar in 'n produksiestelsel geïmplementeer word.

Hierdie aktiwiteit moet beproefde boerderypraktike insluit wat plaaslik beoefen word en waaraan die leerders blootgestel is. Die aktiwiteit kan 'n groep-, paar- of individuele aktiwiteit wees en kan navorsing en tuiswerk insluit.

Die assesseringsinstrument vir hierdie aktiwiteit kan 'n kontrolelys of rubriek wees.

GRAAD 10

Die basiese produksie-aktiwiteite wat ingesluit kan word in 'n jaarlikse produksieplan vir 'n plantproduksierigting en 'n diereproduksierigting moet genoem word. Hierdie aktiwiteite kan beskryf word en 'n aanduiding van moontlike tydsbeplanning vir elke aktiwiteit kan ingesluit word. Dit kan die volgende praktike insluit:

PLANTPRODUKSIE	DIEREPRODUKSIE
<ul style="list-style-type: none"> • Beplanning vir die plantseisoen • Bestel kunsmis • Bestel bestuingsmateriaal/saad • Grondvoorbereiding/Meganisasie • Aanplanting • Gewasbeskerming/Plaag- en siektebeheer • Beheer van onkruid/onkruidodder • Bemesting/Besproeiing 	<ul style="list-style-type: none"> • Voervermenging • Reproduksie/Dragtigheid/Teelseisoen/KI • Partus/Uitbroei • Gesondheidsorg/Inenting/Dosering/Dip/Medikasie • Kastrering/Onthoring ens. • Produksie/Melk/Vleis/Vesel/Eiers • Bestuur van diere • Rekordhouding (Merk)

GRAAD 11

'n Omvangryke produksieplan vir 'n spesifieke plantproduksierigting en 'n spesifieke diereproduksierigting vir 'n tydperk van 12 maande moet aangebied word. Hierdie produksieplan moet duidelik die spesifieke bestuursaktiwiteite aandui wat geïmplementeer word om optimale produksie-uitsette vir daardie onderneming te verkry. Dit kan die volgende aktiwiteite in te sluit:

SPESIFIEKE PLANTPRODUKSIERIGTING	SPESIFIEKE DIEREPRODUKSIERIGTING
<ul style="list-style-type: none"> • Beplanning vir die plantseisoen • Bestel kunsmis • Bestel bestuingsmateriaal/saad • Grondvoorbereiding/Meganisasie • Aanplanting • Gewasbeskerming/Plaa- en siektebeheer • Beheer van onkruid/Onkruidodder • Bemesting/Besproeiing 	<ul style="list-style-type: none"> • Voervloeiprogram • Teelseisoen • Reproduksie/Dragtigheid • Partus/Uitbroei • Gesondheidsorg/Inenting/Dosering/Dip/Medikasie • Manipulasie van reproduksie/Kl ens. • Kastrering/Stert afsny/Onthoring • Produksie/Melk/Vleis/Vesel/Eiers • Hantering/Bestuur van diere • Rekordhouding/Merk

GRADE 12

'n Omvangryke produksieplan vir 'n spesifieke plantproduksierigting en 'n spesifieke diereproduksierigting wat op die volgende inhoud wat in graad 12 gedek word, fokus:

- Hulpbronbestuur
- Holistiese beplanning/Algehele ondernemingsbeplanning/Strategiese ondernemingsbeplanning
- Finansiële aspekte/Implementering en kontrole van onderneming se begroting
- Arbeidsbestuur
- Rekordhouding/Fisies/Finansieel
- Oes/Oesprosedures
- Gradering/Produk differensiasie/Sortering
- Waardetoevoeging/Bemarking/Verspreiding
- Agri-toerisme

Die kwessies hierbo genoem moet vir 'n tydperk van 12 maande aangebied word en moet alle relevante aktiwiteite vir die spesifieke onderneming insluit.

Uitdagings en suksesse moet genoem word. Veiligheidsmaatreëls en omgewingsaspekte moet oorweeg word, byvoorbeeld afvalbestuursaspekte in produksieprosesse spesifiek aan die onderneming. Die PAT moet bewyse insluit van hoe die produksieverwante prosesse in die verskillende ondernemings oor 'n tydperk van 'n jaar bestuur word.

3.2 Praktiese aktiwiteite (take)

Hierdie afdeling van die PAT vir Landboubestuurpraktike moet onder gekontroleerde omstandighede plaasvind in 'n bedryf of praktiese situasie. Hierdie deel van die PAT fokus op die assessering van 'n individuele leerder terwyl 'n praktiese taak uitgevoer word in beide diere- en plantproduksie-ondernemings.

Ten minste DRIE praktiese aktiwiteite of take in die relevante produksie-onderneming moet omvattend geassesseer word vir graad 10- en 11-leerders en TWEE praktiese aktiwiteite of take vir graad 12-leerders. Hierdie deel van die PAT sal die prestasie van leerders assesseer terwyl hulle hierdie take uitvoer. Take moet opgestel word in werklike situasies, byvoorbeeld die melk van koeie, bespuiting van gewasse, kunsmatige inseminasie, enting, inokulering, monitering van siektes en plaë, kastrering, ontkiemingspersentasie, onthooring, waardetoevoegingsaktiwiteite, ens. Die leerders moet die assesseringskriteria ken voordat daar met elke taak begin word.

Hierdie praktiese aktiwiteite word geassesseer en moderering moet, waar moontlik, op die terrein plaasvind. Waar moderering nie op die terrein kan plaasvind nie, moet bewyse om assessering van aktiwiteite te ondersteun, versamel word vir finale moderering. Dit kan foto's en/of videosnitte, en assessering van hierdie aktiwiteite insluit. Voorbeelde van spesifieke praktiese assesseringsaktiwiteite sal aktiwiteite insluit soos voeding, bemesting, brandmerk, plant, inokulering, meganisasiebeplanning, klassifisering, gewasbeskermingspraktike, en die versorging van diere. Die leerder kan diagramme van apparate voltooi en/of planne skets wat in die verskillende prosesse gebruik word.

Die assessering van hierdie aktiwiteite moet 'n omvattende kontrolelys of rubriek insluit en kan verder ondersteun word deur 'n vraelys of onderhoud wat voltooi is tydens die uitvoer van die aktiwiteit. Die vraelys en onderhoud kan die konteks en toepassing van die leerder assesseer en kan met 'n memorandum nagesien word.

GRAAD 10

Assessering van praktiese aktiwiteite gebaseer op algemene aspekte in die produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

GRAAD 11

Assessering van praktiese aktiwiteite gebaseer op spesifieke aspekte in die spesifieke produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

GRAAD 12

Assessering van praktiese aktiwiteite word gebaseer op spesifieke aspekte in die spesifieke agribesigheid-produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

3.3 Bestuurstoets

Die leerders word blootgestel aan 'n verskeidenheid gevallestudies of scenario's gebaseer op die jaarlikse produksieplan waaraan hulle blootgestel is. Die bestuurstoets moet voorbeelde van toepassings uit die jaarlikse produksieplan bevat en hierdie vrae moet gekoppel wees aan die toepassing van hierdie kennis.

Hierdie aktiwiteit of taak moet onder gekontroleerde omstandighede as 'n individuele aktiwiteit voltooi word. Die assesseringsinstrument vir hierdie aktiwiteit kan 'n memorandum, kontrolelys en rubriek of 'n kombinasie van hierdie instrumente insluit.

GRAAD 10

Bestuurstaak gebaseer op algemene aspekte in die produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

GRAAD 11

Bestuurstaak gebaseer op spesifieke aspekte in die spesifieke produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

GRAAD 12

Bestuurstaak word gebaseer op spesifieke aspekte in die spesifieke agribesigheid-produksieproses van diere en plante waaraan die leerders blootgestel is.

3.4 Tydregister

Die tyd wat leerders in 'n praktiese situasie of by 'n aktiewe produksie-aanleg spandeer, moet aangeteken word. Hierdie rekords moet 'n aanduiding gee van tyd gespandeer om take te verrig, inligting in te samel, waarneming, evaluering of demonstrering van vaardighede in 'n praktiese situasie.

'n Lys van die prosesse of aktiwiteite waaraan die leerders blootgestel was, moet ingesluit word om bewys te lewer van die blootstelling aan die hoofproduksie-aktiwiteite wat die beskikbare ondernemings aanbied.

Leerders moet ten minste 10 uur per kwartaal in so 'n praktiese situasie spandeer. Die leerders moet blootgestel word aan die DRIE groot produksiestelsels wat deel vorm van die PAT. Leerders moet geassesseer word op die tyd wat hulle in hierdie praktiese situasies spandeer en op die kompleksiteit van hulle blootstelling. 'n Kontrolelys moet gebruik word vir hierdie doel en die punte moet dienooreenkomstig aangepas word.

GRAAD 10

Die tyd wat leerders aan praktiese blootstelling aan algemene diere- en plantproduksie-ondernemings spandeer, moet aangeteken word. 'n Lys van produksietake vir diere- en plantproduksie-ondernemings moet vir elke leerder ingesluit word.

GRAAD 11

Die tyd wat leerders aan praktiese blootstelling aan spesifieke diere- en plantproduksie-ondernemings spandeer, moet aangeteken word. 'n Lys van ten minste VIER produksietake vir elke diere- of plantproduksie-onderneming vir elke leerder ingesluit word.

GRAAD 12

Die tyd moet wat leerders aan praktiese blootstelling in hul spesifieke diere- en plant-agribesigheid-onderneming spandeer, moet aangeteken word. 'n Lys van TWEE produksietake per diere- of plant-agribesigheidsonderneming moet vir elke leerder ingesluit word.

Hierdie riglyne gee die minimum standaard vir die PAT vir Landboubestuurpraktike. Meer informele en meer komplekse aktiwiteite sal tot voordeel van die leerders wees.

4. PORTEFEULJE VAN BEWYSE

Die tabel hieronder stel die nasienrooster met die verdeling van punte voor wat vir die PAT vir Landboubestuurpraktike toegeken word:

PAT			
Oorsig	Praktiese Take	Bestuurstoets	Tydregister
20	50	25	5

Die PAT-portefeulje van bewyse van werk wat deur elke leerder gedoen is, moet die volgende items insluit:

- EEN oorsig van 'n produksiestelsel (moet ten minste EEN produksieplan vir 'n spesifieke produksie-onderneming wat bestudeer is, insluit)
- DRIE praktiese take vir graad 10 en 11 en ten minste TWEE praktiese take vir graad 12
- EEN bestuurstoets wat die produksie-onderneming wat deur die jaar bestudeer is, dek
- 'n Afskrif van die tydregister vir werk wat in 'n praktiese situasie voltooi is.

Vir graad 10 en 11 moet 'n totaal van SES items in die PAT-portefeulje van bewyse ingesluit word, en vir graad 12 moet die portefeulje van bewyse 'n totaal van VYF items bevat.

'n Finale PAT-punt uit 100 moet vir elke leerder gegee word in die formaat wat hierbo aangedui word.

BYLAE A**'n Voorbeeld van 'n rubriek wat sommige PAT-assesserings aanvul:**

Kriteria/vereistes	1	3	5
Verantwoordelikheid (Leierskap) 1	Volg voorgeskrewe of verbale instruksies met baie hulp. Dui geen gevoel vir veiligheidsprosedure selfs met instruksies. Toon geen of min verantwoordelikheid teenoor die werk.	Volg geskrewe en verbale instruksies met min hulp. Bewus van die nodigheid van veiligheidsprosedure maar identifiseer dit moeilik sonder begeleiding. Toon verantwoordelikheid teenoor die werk.	Volg geskrewe en verbale instruksies sonder hulp. Volg korrekte veiligheidsprosedure. Aanvaar verantwoordelikheid maklik en neem leiding tydens groepwerk.
Inisiatief (Beplanning en doelstelling) 2	Onseker oor hoe om voort te gaan. Benodig baie ondersteuning. Herken slegs opmerkbare foute en eksperimentele metodologie met baie hulp.	Bied oplossing en verduidelikings aan vir onverwagse probleme met leiding. Herken foute in eksperimentele metodologie met hulp.	Bied oplossings of verduidelikings aan vir onverwagse probleem. Vermoë om probleme te herken of te antisipeer en op te los sonder hulp. Dui foute aan in eksperimentele metodes en resultate.
Tegniek (Uitvoering en organisering) 3	Lomp en onbehandige hantering van implemente, gereedskap en aparate. Voer praktiese aktiwiteite uit met moeite.	Hanteer implemente, gereedskap, aparate effektief. Voldoende uitvoering van praktiese prosedure.	Metodiese en sistematiese benadering tot take. Hantering van implemente, gereedskap en aparate met selfvertroue. Vaardige uitvoering van praktiese prosedures.
Volharding (Leierskap en motivering) 4	Praktiese take en geskrewe werk onvolledig. Effens ongeïnteresseerd in en ongeduldig in die uitvoering van take. Geneig om nie prosedures te herhaal.	Vereiste praktiese take en geskrewe werk voltooi met motivering. Toon effense belangstelling in die uitvoering van take. Gewilligheid om herhalende prosedure met motivering uit te voer.	Vereiste take en skriftelike werk is voltooi. Positiewe gesindheid, goed gemotiveerd. Gewilligheid om herhalende prosedures uit te voer.
Kwaliteit (Evaluering, kontrole en koördinerings) 5	Jaag deur praktiese take. Oppervlakkig met min aandag aan voltooide produk. Skriftelike werk is onakkuraat en swak aangebied.	Korrekte praktiese werk met bevredigende tot goeie resultate. Geskrewe werk meestal akkuraat en duidelik aangebied.	Behoorlike praktiese werk. Bewys van detail om goeie resultate te verkry. Geskrewe werk is netjies, akkuraat en duidelik aangebied.